# Die VOC-nedersetting aan die Kaap die Goeie Hoop se betrokkenheid by die lande van die westelike Indiese oseaan, 1652-1700

*Con de Wet*[*] *

Ná die oprigting van die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC) op 20 Maart 1602 het die Indiese Oseaan 'n belangrike deurgangsroete geword vir die maatskappy se vlote wat by die speseryhandel in Asië en Nederlands-Oos-Indië betrokke was. Dit is dus te verwagte dat die VOC 'n belangstelling in die lande aan die soomgebied om en die eilande in die Indiese Oseaan gehad het. Veral na die vestiging van die maritieme aanvullingstasie aan die Kaap die Goeie Hoop in April 1652 het dié belangstelling toegeneem. Die doel van hierdie studie is om te bepaal tot watter mate die Kaapse VOC-nedersetting gedurende die sewentiende eeu politieke, militêre, kulturele, godsdienstige of handelsbetrekkinge met die lande van die westelike Indiese Oseaan aangeknoop het.

Vir die doeleindes van die ondersoek word die westelike Indiese Oseaan omskryf as die gebied wat begrens word deur ongeveer 15º SB in die noorde, 35º SB in die suide, 30º OL in die weste en 60º OL in die ooste. Dit sluit dus in die huidige

* Dr. Con de Wet is 'n navorser en voormalige hoof van die Kaapse argiewe in Kaapstad, en ook streekshoof van die Kaapse afdeling van die Staatsargiefdiens. Hy het 'n besondere belangstellingn in die VOC-geskiedenis. Hy was een van die redakteurs van die reeks *Resolusies van die Politieke raad* (Volumes 5-10, 1716-1743) wat deur die staat op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Argiefkommissie uitgegee is. Hierdie artikel is gebaseer op 'n voordrag gelewer by internasionale konferensie oor die VOC, wat deur die Stigting VOC, in samewerking met die departement Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch tussen 3-5 April 2002 aangebied is.

*Historia* 47(1), Mei 2002, pp 219-46.

provinsie KwaZulu-Natal in Suid-Afrika en Mosambiek op die ooskus van Afrika, asook die eilande Madagaskar, Mauritius en Rèunion in die Indiese Oseaan.

## Inleiding

Die Indiese Oseaan het 'n baie belangrike rol gespeel in die handelsbedrywighede van die VOC, omdat die oprigtingsoktrooi die maatskappy 'n handelsmonopolie gegee het in die hele gebied ooswaarts van die Kaap die Goeie Hoop tot by die Straat van Magellaan. Daardeur is sowel die Indiese Oseaan as die Stille Oseaan dus as 'n monopoliegebied aan die VOC toegeken.[1] Die roetes wat die vlote vanaf die Kaap deur die Indiese Oseaan gevolg het, is hoofsaaklik deur die heersende winde bepaal. Daarom het die heenvaart na Batavia 'n roete in die westewind-gordel in die verre suide van die Indiese Oseaan verby die eilande Nieu-Amsterdam en St. Paulus gevolg en daarvandaan noordwaarts na Batavia. Met die tuisvaart is die roete weer beïnvloed deur die moessonwinde en dit het 'n roete heelwat verder noord, maar suid van Mauritius en Madagaskar verby genoodsaak. Die roetes na Ceylon en die Indiese subkontinent het óf suid om Madagaskar en daarvandaan verby Mauritius gelei, óf noordwaarts deur die Mosambiekkanaal en om die noordpunt van Madagaskar.[2]

Dit is dus begryplik dat die Nederlanders vroeg reeds 'n belangstelling in die westelike Indiese Oseaan geopenbaar het, omdat 'n steunpunt vir hulle vlote in dié gebied noodsaaklik was. Gedurende die eerste twee dekades van die sewentiende eeu het skeepskapteins soos J. K. van Neck, W. Harmansz, C. Matelief en Pieter Both Mauritius as verversingspos begin gebruik.[3] Die toenemende volume skeepsverkeer tussen Nederland en die VOC se Oosterse besittings het 'n permanente halfwegstasie vir verversing en herstelwerk aan die vlote noodsaaklik gemaak. Mauritius se nut vir dié doel was reeds bekend en daarby was die moontlikheid dat handelsmededingers, soos die Engelse en Franse, die ryk bron van rooi en swart ebbehout daar kon ontgin, ook 'n bydraende faktor in die besluit om die eiland te beset. Onderkoopman Pieter de Goijer is dus in 1638 met 25 manskappe met die *Maen* daarheen gestuur om die nuwe pos te gaan stig.[4]

Dit was egter spoedig duidelik dat die pos op Mauritius nie aan die verwagtings wat daarvan gekoester is voldoen het nie, hoofsaaklik omdat die eiland buite die natuurlike skeepsroetes na en van Indië geleë was. Dit het die belang van die Kaap

---

1. A. J. H. van der Walt, J. A. Wiid en A. L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, deel 1 (Nasionale Boekhandel, Kaapstad ens., 1955), p. 45.
2. A. J. Böeseken in oorleg met F. A. Steytler, dr. P. S. du Toit, J. A. Smuts en L. W. Hiemstra, *Geskiedenis-Atlas van Suid-Afrika,* (Tweede uitgawe, Nasionale Boekhandel, Kaapstad ens., s.j.), kaart no. 33.
3. D. Sleigh, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795* (HAUM Uitgewers, Pretoria, 1993), p. 642.
4. *Ibid.*, p. 642.

die Goeie Hoop as 'n moontlike steunpunt op die skeepsroetes van die VOC sterk onder die aandag gebring. Die Kaap se ligging, op die knooppunt van die seeroetes deur die Indiese Oseaan, was baie gunstiger as dié van Mauritius en was dus 'n belangrike oorweging waarom Here XVII besluit het om 'n fort en tuin in Tafelbaai aan te lê.[5]

## Die Kaap se betrokkenheid by die westelike Indiese Oseaan

Voordat aandag gegee word aan die Kaap se betrokkenheid by die lande van die westelike Indiese Oseaan, moet daarop gewys word dat die VOC se handel met die Oosterse lande in werklikheid 'n eenrigting-handel was. Handelsprodukte is uit die Ooste na Europa gebring, maar vir Europese produkte, soos wol- en katoenstowwe, was daar geen mark in die tropiese lande van die Ooste nie. Vir die Oosterse produkte moes dus met silwermunte betaal word, wat 'n geweldige dreinering van Europese munte tot gevolg gehad het en tot 'n ekonomiese krisis kon lei. Daarom het die Europese handelsmaatskappye 'n ingewikkelde handelstelsel met die lande rondom die Indiese Oseaan en die Stille Oseaan bedink om geld te verdien. Dit het daartoe gelei dat hierdie maatskappye handel gedryf het tussen Japan en die Persiese Golf of tussen China en Jemen. Die gevolg daarvan was dat handelsbetrekkinge ontstaan het tussen verskeie van die VOC se permanente poste en lande waar die Kompanjie geen permanente teenwoordigheid gehandhaaf het nie.[6]

Verder moet in gedagte gehou word dat die Kaapse verversingspos nie 'n onmiddellike suksesverhaal was nie. Die aanvangsjare van die nedersetting is dikwels gekenmerk deur tekorte aan proviand vir die bemanning van besoekende skepe of die plaaslike garnisoensvolk. Gedurende 1653 en 1654 is geen rys met die retoervlote uit Batavia ontvang nie.[7] Op 22 April 1654 het Van Riebeeck aan Here XVII geskryf dat die retoervloot nie die Kaap aangedoen het nie, maar verbygevaar het na St. Helena. Dit het die voedselnood so hoog laat styg dat die *Tulp* einde Junie 1654 na St. Helena gestuur is om proviand by die retoervloot te gaan haal.[8] Dit is dus duidelik dat die Kaapse owerhede gedwing was om handelsbetrekkinge met die omliggende lande te oorweeg ten einde die chroniese voedseltekorte te verlig.

---

5. W. BLOMMAERT, "Het invoeren van de slavernij aan de Kaap" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, I, 1938, (Staatsdrukkery, Kaapstad, 1938), p. 5, voetnoot 1.
6. B. J. SLOT, "Reflections on the United East India Company, the Company's archives and the Unesco Programme 'Memory of the World Register'" in *Archives News/Argiefnuus*, Maart 2000), pp. 28-9.
7. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* (Kaapstad, 1957), 2.04.1654 en 27.04.1654, pp. 35 en 36.
8. W. BLOMMAERT, "Het invoeren van de slavernij aan de Kaap" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, I, 1938, pp. 19-20.

Vervolgens sal aandag gegee word aan die Kaapse nedersetting se betrokkenheid by die individuele lande in die westelike Indiese Oseaan. Die betrekkinge met Mauritius, Madagaskar, die kleiner eilande, Mosambiek, Delagoabaai en Terra de Natal sal agtereenvolgens ondersoek word.

## Mauritius

Na die stigting van die nedersetting aan die Kaap is die pos op Mauritius nie onmiddellik opgehef nie, maar het dit nog vir 'n aantal jare in 'n aanvullende hoedanigheid naas die Kaap bly voortbestaan. In Junie 1654 het die Kaapse regering die *Rode Vos* na Madagaskar gestuur om voedsel te gaan koop of ruil. Omdat niemand van die skip se bemanning egter enige kennis van Madagaskar gehad het of voorheen daar was nie, het hulle onderweg eers Mauritius aangedoen om die nodige inligting te bekom en ruilmiddels in te skeep.[9] Toe die *Tulp* die volgende jaar op 'n soortgelyke sending uitgestuur is, het dit weer eens Mauritius aangedoen om die pos se skeepsboot op te laai om mee handel te dryf en die baaie en riviere van Madagaskar te verken.[10] In 1654 het die opperhoof van Mauritius, Maximiliaan de Jongh, die jag *Haes* met 'n vrag rys Kaap toe gestuur, waar dit op 27 Julie 1654 ontvang is. Dit was die eiland se eerste regstreekse hulpverlening aan die Kaapse diensstasie.[11] Vanaf Oktober 1656 tot Desember 1658 is Mauritius bloot as 'n administratiewe aanhangsel van die Kaap bestuur.[12]

Namate produksie aan die Kaap verhoog het en voedseltekorte afgeneem het, het Mauritius se nut as verversingspos vir die Kompanjie se skepe ook verminder. Daarom het Here XVII progressief onwilliger geraak om koste aan te gaan aan 'n buitepos wat geen inkomste of voordeel meegebring het nie. Gevolglik het hulle opperhoof Abraham Evertsz in 1658 beveel om die eiland te ontruim en die geboue en plantasies te verwoes, sodat dit nie van enige nut vir Europese mededingers sou wees nie. Die *Schelvis* het op 25 Maart 1658 uit die Kaap vertrek met die opdrag om die besettelinge van die eiland te verwyder en na Batavia of Ceylon oor te bring. Die eiland het vir die volgende ses jaar verlate gelê terwyl die diere daarop wild geword het.[13]

In 1662 het 'n tropiese orkaan groot skade aangerig aan die skepe van die jaarlikse retoervloot, toe vier van die sewe skepe in die Indiese Oseaan noord van Mauritius vergaan het. Net 60 oorlewendes van die *Arnhem* het Mauritius bereik, waar hulle

9. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I*, 4.05.1654, p. 36.

10. *Ibid.*, 7.08.1655, p. 57.

11. D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 643.

12. W. BLOMMAERT, "Het invoeren van de slavernij aan de Kaap" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, I, 1938, p. 5, voetnoot 1.

13. D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 643.

van die wild geworde diere oorleef het.[14] In September 1663 is die *Lantsmeer* na Mauritius en die Comore-eilande gestuur met die opdrag om enige oorlewendes wat daar gevind word na Batavia te neem. Niemand is egter gevind nie, omdat die skipbreukelinge toe reeds deur die Nederlandse seerower Hubert Hugo van Mauritius gelig was.[15] Die skuiling wat Mauritius aan die skipbreukelinge gebied het, die toenemende handelsmededinging deur die Engelse en Franse, en die groter wordende gevaar wat seerowers in die suidelike Indiese Oseaan begin skep het, het Here XVII oortuig om Mauritius weer te beset. Gevolglik is twaalf besettelinge onder bevel van Jacobus van Nieuwlant in Mei 1664 daarheen gestuur om die Kompanjiespos weer op te rig en het hulle opdrag ontvang om die eiland tot elke prys uit die hande van die Engelse, Franse of enige ander nasie te hou en die Kompanjie se handelsbelange te beskerm.[16]

Soos in die geval gedurende die jare 1656-1658, is Mauritius vanaf 1664 weer as 'n buitepos van die Kaap bestuur.[17] Vir 'n kort tydperk tussen 1672 en 1677 is daar egter van hierdie reëling afgewyk, toe die eertydse seerower Hubert Hugo as opperhoof na Mauritius gestuur is. In 'n poging om die produktiwiteit van die besettelinge te verhoog en die administrasie te verbeter, het Here XVII besluit dat Hugo se status gelyk aan dié van die Kaapse kommandeur sou wees en dat hy net aan die regering in Batavia verantwoording verskuldig was. Dit was egter onderhewig aan die voorskrif dat

> de respective commandeurs gehouden sullen sijn metten anderen goede correspondentie te houden, oock bij te staen daer in sij des een off des anderen sijn behulp off assistentie van noode souden mogen hebben.[18]

Nadat Hugo in 1677 op sy eie versoek van sy pligte onthef is, het die buitepos egter weer eens onder Kaapse bestuur teruggekeer.[19]

Die VOC se doel met die besetting van Mauritius was eerstens om bystand aan hulle vlote te verleen, soos noodhulp aan skipbreukelinge, skeepsherstelwerk,

---

14. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I* 10.04.1662 en 21.08.1662, pp. 277-8 en 287; D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 643.
15. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I* 1.09.1663, pp. 306-7; D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 643.
16. A. J. BÖESEKEN (red.), *Memoriën en instructiën, 1657-1699,* (Staatsdrukkery, Kaapstad, 1966), Memorie van Z. Wagenaer aan sy opvolger, 24.09.1666, pp. 86-7; A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* 14.05.1664, pp. 316-7; D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 643.
17. W. BLOMMAERT, "Het invoeren van de slavernij aan de Kaap" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, I, 1938, p. 5, voetnoot 1.
18. WES-KAAPSE PROVINSIALE ARGIEFBEWAARPLEK, KAAPSTAD (WKPA), C292 Inkomende Briewe: Here XVII - Kaap, 29.08.1671, p. 29, en Instruksie van Here XVII aan Hugo, 18.08.1671, p. 38.
19. D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 647.

proviandering, genesing van siekes en beskerming teen seerowers. Daarbenewens was die eiland ‘n bron van die seldsame rooi en swart ebbehout, wat in Nederland as deftige meubelhout baie gesog was. Derdens is gehoop dat die pos landbouprodukte soos bone, patats, suiker, tabak, arak en beesvleis in genoegsame hoeveelhede sou produseer om as goedkoop voedselbron vir sowel Mauritius as die Kaap te dien. Laastens was die oogmerk met die besetting om die eiland uit die hande van Europese mededingers en van seerowers, wat op die ryk skeepvaart in die Indiese Oseaan geteer het, te hou.[20]

Na die tweede besetting van Mauritius in 1664 het daar ‘n bestendige handel tussen die Kaap en die eiland ontstaan. Dit het hoofsaaklik bestaan uit ebbe- en timmerhout, vaatwerk en landbouprodukte soos soutvleis en -vis, suiker, arak, seep, botter en tabak.[21] Ambergrys, ‘n skaars natuurlike stof wat deur die spysverteringskanaal van *Spermaceti*-walvisse afgeskei is en vir die maak van reukwater gebruik is, is van tyd tot tyd in klein hoeveelhede op die strande van die eiland gevind.[22] In 1665 is die eerste besending ebbehout, ambergrys en ingesoute vleis en vis reeds aan die Kaap ontvang.[23] Daarna is nog verskeie besendings ebbehout ontvang, wat gewoonlik dadelik na Nederland of Batavia gestuur is.[24] Kommissaris Zacharias Wagenaer het groot lof gehad vir die soutvleis en -vis wat uit Mauritius ontvang is, maar oor die ambergrys was hy minder entoesiasties en het besluit om dit na Nederland te stuur vir verdere proewe om vas te stel of dit wel egte ambergrys was.[25]

Die Kaapse regering het verskeie pogings aangewend om die handel met Mauritius te bevorder. In Desember 1677 het hulle ‘n kontrak gesluit met drie vryburgers van die eiland, waardeur laasgenoemdes die alleenreg verkry het om vir een jaar ambergrys op die strande te versamel. Op hulle beurt het hulle onderneem om elkeen jaarliks ‘n halfpond van dié stof aan die Kompanjie te lewer.[26] Uit die bronne wat geraadpleeg is, is dit nie duidelik of enige ambergrys gelewer is en of die kontrak hernieu is nie. Toe opperhoof Hubert Hugo in 1672 uit die Kaap na

---

20. *Ibid.*, p. 677.
21. WKPA. C2340 Memories en instruksies: Instruksie vir skipper van *Soldaet*, 20.09.1697, p. 178.
22. D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 665.
23. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* 20.05.1666, p. 348.
24. *Ibid.*, 16.11.1668, p. 380; A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad*, deel II (Kaapstad, 1959), 5.03.1670, 21.02.1671, 4.05.1671 en 11.01.1673; pp. 15, 61, 88 en 111; A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad*, deel III (Kaapstad, 1961), 1.06.1698 en 18.03.1700, pp. 325-6 en 370; WKPA. C2340 Memories en instruksies: Bylae by instruksie vir skipper van *Soldaet*, 30.06.1698, p. 185.
25. A. J. BÖESEKEN (red.), *Memoriën en instructiën, 1657-1699,* Memorie van Wagenaer aan opvolger, 24.09.1666, p. 87; A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666* (Pretoria, 1973), Dagregister, 20.10.1665, p. 226.
26. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, II*, 4-7.12.1677, pp. 213-5.

Mauritius vertrek het, het die Kaapse regering drie soldate, wat bedrewe was in leerlooiery, saamgestuur.[27] Vyf jaar later is 'n kontrak met die vryskoenmaker Jan Iser gesluit, waardeur hy die reg verkry het om die leerlooiery op Mauritius te bedryf, op voorwaarde dat hy die Kompanjie volgens behoefte van bereide velle voorsien. In 1680 is die kontrak egter gekanselleer, omdat die Kaapse regering gevrees het dat die veestapel op Mauritius uitgedun sou word deur die slag van beeste om die velle te bekom.[28]

Tydens die bouwerk aan die Kasteel het Mauritius ook 'n belangrike bydrae gelewer in die voorsiening van boumateriaal. In 1676 kon daar weens 'n gebrek aan brandhout en skulpe aan die Kaap nie genoeg kalk vir die bouwerk voorsien word nie. Goewerneur Isbrand Goske en die Politieke Raad het gevolglik besluit om die *Sparendam* na Mauritius te stuur om kalk te gaan haal.[29] Die volgende jaar is twaalf slawe met hulle toesighouer daarheen gestuur om die brand van kalk te bespoedig.[30] Tot met die voltooiing van die bouwerk in 1679 het veral die *Bode* en ook die *Cabeljouw* verskeie vaarte na die eiland onderneem om kalk en soms ook timmerhout te bekom.[31]

Mettertyd het Mauritius ook 'n ander, minder gunstige, nut vir Kaap begin ontwikkel, te wete as strafkolonie of verbanningsoord vir ongewenste elemente in die Kaapse samelewing. Volgens kommandeur Zacharias Wagenaer se instruksie aan sy opvolger het die Kaapse owerhede weens die toenemende misdaad en bedrog wat onder die garnisoensvolk voorgekom het, in 1665 Here XVII versoek

> om ons toe te staen dat wij eenige van die stoute gasten uijtsiften en ons quit maken mochten.[32]

Hierdie versoek is toegestaan en terselfdertyd is Mauritius aangewys as die oord waarheen diesulkes gestuur moes word.[33] Die Kaapse regering het dankbaar van hierdie vergunning gebruik gemaak en Here XVII verseker dat dit die geskikste tyd was

---

27. *Ibid.*, 4.05.1672, p. 88.
28. *Ibid.*, 22.12.1677 en 22.01.1680, pp. 219 en 310.
29. *Ibid.*, 11.03.1676, p. 139; A. J. BÖESEKEN (red.), *Memoriën en instructiën, 1657-1699,* Instruksie van kommissaris N. Verburgh, 15.03.1676, p. 130.
30. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, II*, 12.04.1677, p. 181.
31. *Ibid.*, 27.10.1676, 4-7.12.1677, 7.06.1678, 30.11.1678 en 31.10.1679, pp. 155, 213, 252, 269 en 303.
32. A. J. BÖESEKEN (red.), *Memoriën en instructiën, 1657-1699,* Instruksie van Wagenaer aan sy opvolger, 24.09.1666, p. 76.
33. *Ibid.*, p. 76; WKPA. C283 Inkomende Briewe, Here XVII - Kaap, 29.08.1664, p. 102.

> dat wij de lighste vinken van die luijen, onnutten en schadelijcken hoop uijtsiften, ons die volgens U EEde. voorstel gaen quitmaken en per eerste gelegentheijt na Mauritius senden.[34]

In 1678 het die Politieke Raad besluit om Kaapse vryburgers wat nie daarin slaag om 'n bestaan te maak nie, as 'luijaarts en onnutte menschen' na Mauritius te stuur om daar na die beste van hulle vermoë 'n lewe te probeer maak.[35]

Wagenaer het in Mei 1666 aan Here XVII geskryf dat hulle graag 'enige onnutte vrijlieden' en veral twee getroude pare wat 'n ergerlike lewe gelei het, na Mauritius wou stuur. Hulle was egter nog besig om die saak ernstig te oorweeg,

> omdat wij aen d' ander zijde vresen dat door die dronckene boeren en krakelige wijven daer [Mauritius] wellicht onder die rouwe gasten nieuwe onlusten mochten verweckt werden.[36]

Dit is nie duidelik of die persone wel verban is nie. Toe Pieter Walrandt, wat na Robbeneiland verban was, in 1670 die Raad van Justisie versoek om na 'n ander bestemming verban te word, het die raad sy versoek toegestaan en besluit om hom Mauritus toe te stuur.[37]

In Julie 1677 is die weduwee Thielemans, Maijke van den Bergh, weens haar "dieff en heelachtigen aert en door de quaade inductie en verlijdingen tot dieverij van veel eerlijkce luijden" na Robbeneiland gestuur. Die Politieke Raad het egter besluit om haar eerder lewenslank na Mauritius te verban. Terselfdertyd is Willem Willemsz van Deventer weens die moord op 'n Khoikhoi ook daarheen gestuur om daar 'n bestaan te probeer maak. Verder het die raad ook besluit om die twee onmondige weeskinders van Pieter van Meerhoff en die Khoivrou Krotoa (Eva) onder die sorg van die vryburger Bartholomeus Borns daarheen te stuur, omdat dit "een goede ontlastinge alhier voor de diaconij" sal wees.[38] In 1685 is luitenant Jan Baptist vir 25 jaar en twee jaar later ook Gaspar Willers vir ses jaar na Mauritius verban.[39]

Vir die Kaapse regering het die buitepos Mauritius 'n toenemende las geword wat nie aan die hoë verwagtings wat aanvanklike daarvan gekoester is, voldoen het nie. Toe die Politieke Raad in Junie 1678 besluit het om rys en brood daarheen te stuur om die garnisoen van voedsel te voorsien, is opperhoof Lamotius in kennis gestel

---

34. A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666*, goew. en raad, Kaap - Here XVII, 19.04.1665, p. 348.
35. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, II*, 4.03.1678. p. 232.
36. A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666,* goew. en raad, Kaap - Here XVII, 22.05.1666, p. 391.
37. A. J. BÖESEKEN (red.), *Uit die Raad van Justisie, 1652-1672* (Staatsdrukker, Pretoria, 1986), Vonnis, 08.08.1670, p. 319.
38. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, II*, 14.07.1677, p. 194.
39. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, III*, 5.10.1685 en 30.01.1687, pp. 116 en 154-5.

dat dit die laaste geleentheid sou wees waar graan of brood uit die Kaap aan die pos voorsien sou word en dat hulle deur die produksie van graan en groente voortaan self in hulle behoeftes moes voorsien, aangesien Here XVII nie meer bereid was om langer sulke onkoste aan te gaan nie.[40] Verwoestende natuurrampe en die eiland se afgeleë ligging weg van die seeroetes, wat 'n wisselvallige skakel met die Kaap tot gevolg gehad het, het verder daartoe bygedra dat die VOC se doel met die pos nie bereik is nie. Die opperhoofde van Mauritius het min bystand en ondersteuning van die Kaapse goewerneurs ontvang vir hulle pogings op die gebied van die landbou en nywerhede. Daarom kon die pos nooit sy pioniersfase ontgroei nie.[41]

Omdat Mauritius geen inheemse bevolking gehad het nie, was die 17de eeuse bewoners van die eiland almal Kompanjiesamptenare of vryburgers van Europese afkoms, wat 'n Wes-Europese kultuuragtergrond gehad het. Nederlands was die amptelike sowel as die omgangstaal. Mauritius was egter uniek in dié opsig dat dit gedurende die 17de eeu die enigste buitepos was wat buite die grense van die VOC-nedersetting aan die Kaap geleë was.

**Madagaskar**

Weens die ingewikkelde handelstelsel wat die VOC gevolg het, was handels- en ander betrekkinge nie net beperk tot lande waar die Kompanjie permanente besettingsposte gehad het nie, maar ook met lande met wie geen permanente bande onderhou is nie. 'n Goeie voorbeeld daarvan is die uitgebreide betrekkinge wat die Kaap gedurende die sewentiende eeu en selfs daarna met Madagaskar onderhou het.[42]

Weens 'n voedseltekort aan die Kaap was die Politieke Raad reeds in April 1654 genoodsaak om die skepe *Rode Vos* en *Tulp* na Madagaskar te stuur om rys, bone en arak daar te ruil.[43] Die *Tulp* het in Desember 1654 van Madagaskar teruggekeer met 'n lading rys, asook 'n slavin en haar kind. Oor die handelsmoontlikhede op die eiland het die hoof van die sending 'n baie positiewe siening gehad en hy het berig dat die opperhoof en inwoners van Antongilbaai beloof het dat hulle sal toesien dat daar met die volgende besoek voldoende slawe en rys beskikbaar sal wees.[44] Dit was die begin van handelsbande wat die Kaap met Madagaskar

---

40. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, II*, 7.06.1678, pp. 252-3.
41. D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, pp. 677-8.
42. B. J. SLOT, "Reflections on the United East India Company, the Company's archives and the Unesco Programme 'Memory of the World Register'" in *Archives News/Argiefnuus*, Maart 2000), p. 29.
43. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* 2.04.1654, 27.04.1654 en 18.06.1654, pp. 34, 35 en 36.
44. W. BLOMMAERT, "Het invoeren van de slavernij aan de Kaap" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, I, 1938, pp. 5-6 en 19.

onderhou het en wat vir die res van sewentiende eeu sou voortduur. Hoewel die aanvanklike doel met die aanknoop van handelsbetrekkinge was om voedselvoorraad vir die Kaap te bekom, het die slawehandel egter gou die belangrikste komponent daarvan geword.

Die slawehandel met Madagaskar het egter nie sonder moeite en probleme op gang gekom nie. Toe die *Tulp* in Augustus 1655 vir 'n tweede vaart daarheen gestuur is, het die skip op 2 Desember met al sy bemanning, 25 slawe en 'n lading rys aan die noordooskus van Madagaskar vergaan. Dit het die behoefte aan 'n bekwame vaartuig om op sulke vaarte gebruik te word so duidelik beklemtoon, dat Here XVII besluit het om 'n geskikte skip na die Kaap te stuur om vir die slawehandel gebruik te word.[45] Nog 'n struikelblok was dat in sekere kringe ernstige bedenkinge bestaan het teen slawe uit Madagaskar. In antwoord op Van Riebeeck se voorstel om slawe op Madagaskar vir die Kaap te verkry, het Here XVII aan hom geskryf dat kommissaris Rijckloff van Goens hulle meegedeel het dat die inheemse bevolking van dié eiland besonder lui was. Daarom het hulle voorkeur gegee aan slawe uit Angola.[46] In 1665 het kommandeur Isbrand Goske in 'n verslag aan die goewerneur-generaal en raad in Batavia ook berig dat die Madagaskarse slawe lui is en dat baie van hulle weens die koue Kaapse klimaat sterf.[47] Here XVII se sienswyse aangaande die slawe uit Madagaskar het blykbaar mettertyd verander, want in 1680 skryf hulle aan die goewerneur-generaal en raad in Batavia "vande Madagascarse wort getuijgt, datse tot swaar werck veel bequaemer en van vrij sachter en geseggelycker naturel zyn". Dit het hulle oorreed om die jagskip *Baren* deur die Kamer Amsterdam te laat bou vir die Kaapse slawehandel met Madagaskar.[48]

Ten spyte van die aanvanklike bedenkinge het die slawehandel egter weldra op dreef gekom. In 1676 het kommissaris Nicolaas Verburgh reeds geskryf dat die slawe van Madagaskar die beste was om die arbeid aan te Kaap te verrig en het hy aanbeveel dat gereeld vaarte daarheen onderneem word om slawe te koop.[49] Ses jaar later het kommissaris Rijckloff van Goens jr. aanbeveel dat die "slavenhandel op Madagascar bij alle occasie vervolgt werden" ten einde bekwame, sterk slawe vir die landbou aan die Kaap te voorsien.[50] Skepe soos *Waterhoen*, *Voorhout* en

---

45. *Ibid.*, pp. 21-2 en 24.
46. *Ibid.*, p. 21.
47. A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666,* verslag van Goske, 9.11.1665, p. 422.
48. WKPA. C318 Inkomende Briewe: Uittreksel uit brief van Here XVII - goew.-gen. en raad, Batavia, 20.06.1680, pp. 94-5.
49. A. J. BÖESEKEN (red.), *Memoriën en instructiën, 1657-1699,* instruksie van Verburgh, 15.03.1676, p. 123.
50. *Ibid.*, instruksie van Van Goens, 24.04.1682, p. 159.

*Jambi* is met gereelde tussenposes uitgerus en daarheen gestuur.[51] Dit is ook bekend dat *Elisabeth*, *Silida*, *Eemlandt*, *Baren*, *Westerwijck* en *Soldaet* soortgelyke vaarte onderneem het.[52] In die meerderheid gevalle is die slawe geruil vir vuurwapens en buskruit, wat soms aangevul is met arak. Net in enkele gevalle is in kontant betaal.[53]

Dit wil voorkom of die slawehandel met Madagaskar aanvanklik nie na wense verloop het nie. Toe *Waterhoen* in Desember 1663 daarvandaan teruggekeer het, is berig dat net sewe slawe bekom kon word.[54] Die volgende jaar het dit selfs slegter gegaan en kon net een slaaf verkry word.[55] Daarom moes Zacharias Wagenaer in 1665 ‘n ontmoedigende verslag oor die slawehandel aan Here XVII stuur.[56] Selfs in 1681 is nog steeds ondervind dat die slawehandel nie so goed vorder soos gehoop is nie.[57] Jochem Blanck, wat in 1664 die ekspedisie na Madagaskar gelei het, het by sy terugkeer aan die Kaapse owerhede berig dat hy geen slawe in Antongilbaai kon bekom nie. As rede daarvoor het hy aangevoer dat die opperhoof dáár nie by magte was om enige slawe te verkoop sonder die medewete en goedkeuring van sy hoofmanne nie. Indien hy wel hulle wense sou verontagsaam, sou hulle sy gesag verwerp en na sy vyande oorloop.[58] Selfs ook op vaarte wat redelik suksesvol was, het die hoë sterftesyfer onder die slawe ernstige verliese vir die Kompanjie tot gevolg gehad. Tydens *Voorhout* se vaart van bykans sewe maande in 1677 na Madagaskar en die ooskus van Afrika, het skeurbuik ‘n ontsettende tol geëis. Uit die inskrywings in die skeepsjoernaal kon bereken word

---

51. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* 30.04.1663, pp. 301-2; II, 5.05.1676, pp. 140-1; III, 19.05.1686, p. 130.

52. WKPA. C2338 Memories en instruksies: Instruksie vir skipper van *Elisabeth*, 14.11.1678, pp. 30-52; Instruksie vir skipper van *Silida*, 25.06.1681, pp. 74-97; Instruksie vir skipper van *Eemlandt*, 8.07.1682, pp. 101-21; C2339 Memories en instruksies: Instruksie vir skipper van *Baren*, 1.12.1684, pp. 54-90; Instruksie vir skipper van *Westerwijck*, 3.11.1685, pp. 91-112; C2340 Memories en instruksies: Instruksie vir skipper van *Soldaet*, 31.10.1696, pp. 133-51.

53. Vgl. byvoorbeeld WKPA. C2244 Skeeps- en ander joernale: Skeepsjoernaal van *Voorhout*, 30.06.1677, 2.07.1677, 5.07.1677, 8.07.1677, 10.07.1677, 12.07.1677, 13.07.1677, 15.07.1677, 19.07.1677, 20.07.1677, 12.08.1677, 13.08.1677, 14.08.1677, 16.08.1677, 17.08.1677, 18.08.1677 en 20.08.1677, pp. 30, 33, 36, 47, 51, 53, 55, 57, 60, 61, 83, 84, 85, 88, 90, 91 en 93.

54. A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666,* dagregister, 5.12.1663, p. 110.

55. *Ibid.*, 15.11.1664, p. 172.

56. *Ibid.*, goew. en raad, Kaap - Here XVII, 19.04.1665, p. 348.

57. WKPA. C2337 Memories en instruksies: Instruksie vir die skipper van *Silida*, 25.06.1681, p. 81.

58. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* 24.11.1664, p. 323; A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666,* dagregister, 15.11.1664, p. 173.

dat van die 106 slawe wat tydens die vaart aangekoop is, 41 (of 38,6%) reeds gesterf het voordat die vaartuig weer in Tafelbaai anker gewerp het.[59]

Waarskynlik weens die swak resultate wat die handelsvaarte opgelewer het, was die aankopers nie baie kieskeurig ten opsigte van die slawe wat aangekoop is nie. Die sewe slawe wat *Waterhoen* in 1663 teruggebring het, het bestaan uit twee mans, twee vroue, twee jong seuns en een meisie.[60] Toe *Voorhout* in 1677 na Madagaskar gestuur is om slawe te handel, het die 106 slawe wat gekoop is bestaan uit 31 mans, 21 vroue, 36 seuns, elf meisies en sewe wat as 'kint' beskryf word.[61] Namate die handel egter verbeter het, het die Kaapse owerhede duideliker voorskrifte opgestel wat betref die soort slawe wat verlang is. Aan die skipper van *Soldaet*, wat in Oktober 1696 na Madagaskar gestuur is om slawe te ruil, het hulle opdrag gegee om voorkeur te gee aan sterk, jong mans wat tussen 16 en 24 jaar oud is. Hulle is ook vermaan om so min vroue as moontlik en geen ou mense te koop nie, sodat die Kaapse arbeidsmag nie met "onnutte en gebreckelijke menschen" belas word nie.[62] Toe dieselfde vaartuig twee jaar later weer uitgestuur is, het die skipper 'n soortgelyke opdrag gekry en is weer bygevoeg dat "oude en kreupele geexcuseert blijvende".[63]

Sommige van die bemanningslede van die skepe wat uitgestuur is om slawe op Madagaskar te gaan ruil het in hulle private hoedanigheid ook slawe aangekoop wat hulle dan weer vir eie gewin aan amptenare en vryburgers aan die Kaap verkoop het. Bemanningslede van *Baren* het byvoorbeeld in Desember 1685 sewe slawe aan die Kaap verkoop en in Junie 1687 weer vier, terwyl dié van *Jambi* tussen November 1686 en Maart 1687 twintig slawe aan private persone verkoop het. In 1697 het die bemanning van *Soldaet* dertien slawe aan die Kaap verkoop.[64] Uit die navorsing van dr. Anna Böeseken kon vasgestel word dat 343 slawe wat van Madagaskar afkomstig was gedurende die sewentiende eeu in private transaksies verhandel is.[65]

---

59. WKPA. C2244 Skeeps- en ander joernale: Skeepsjoernaal van *Voorhout*, 14.09.1677, 15.09.1677, 18.09.1677, en 26.09.1677, pp. 108, 110 en 114; C2245 Skeeps- en ander joernale: Skeepsjoernaal van *Voorhout*, 31.10.1677, 6.11.1677, 1.12.1677, 3.12.1677, 4.12.1677, 5.121677, 6.12.1677, 8.12.1677, 12.12.1677, 13.12.1677, 14.12.1677, 15.12.1677, 16.12.1677, 17.12.1677, 18.12.1677, 19.12.1677, 20.12.1677, 21.12.1677, 22.12.1677 en 23.12.1677, pp. 47, 57, 72, 73, 75, 76, 79, 80, 81, 82, 83 en 84.

60. A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666,* dagregister, 5.12.1663, p. 111.

61. Vgl. die bron vermeld in voetnoot 53 hierbo.

62. WKPA. C2340 Memories en instruksies: Instruksie vir die skipper van *Soldaet*, 31.10.1696, p. 143.

63. *Ibid.*: Instruksie vir die skipper van *Soldaet*, 30.06.1698, p. 190.

64. A. J. BÖESEKEN, *Slaves and free blacks at the Cape, 1658-1700* (Tafelberg Uitgewers, Kaapstad, 1977), pp. 143, 147-8, 149, 150-1 en 175.

65. *Ibid.,* Addendum 2, pp. 124-94.

Hoewel die meerderheid van die slawe wat op Madagaskar aangekoop is in die Kaapse arbeidsmark aangewend is, is van hulle soms na ander Kompanjiesgewestes gestuur. In 1678 het *Elisabeth* opdrag gekry om die slawe wat op Madagaskar gekoop word regtreeks na die weskus van Sumatra te neem.[66] Albert van Breugel, wat in 1680 uit Batavia na die Kaap gestuur is om oor die slawehandel in Madagaskar toesig te hou, is in 1681 daarheen gestuur met die bepaalde opdrag om slawe vir die myne in Sumatra te verkry. Vier jaar later het *Westerwijck* met 'n soortgelyke opdrag die Kaap verlaat.[67] In 1687 is *Baren* uitgestuur om tussen tien en twintig slawe vir gebruik op Mauritius te gaan koop.[68]

Ons het reeds daarop gewys dat die aanknoop van handelsbande met Madagaskar in 1654 genoodsaak is deur 'n voedseltekort aan die Kaap. Dwarsdeur die sewentiende eeu is die Kaapse voedselvoorrade gereeld daarvandaan aangevul. In 1661 het kommissaris Andries Frisius berig dat weens die onbekwaamheid van die Kaapse landbougrond nie genoeg koring vir eie gebruik geproduseer kan word nie en dat die voorraad jaarliks met rys uit Madagaskar aangevul sou moes word.[69] Van Riebeeck het by sy vertrek van die Kaap ook by sy opvolger aanbeveel dat gereelde vaarte daarheen onderneem word om tekorte in die graanoeste aan te vul.[70] Soos in die geval met die slawehandel, was daar egter ook stremmende faktore in die handel in landbouprodukte. Jochem Blanck, wat aan die hoof was van die handelsekspedisie na Madagaskar in 1663, het by sy terugkeer berig dat hy weinig sukses behaal het met die handel in St. Augustinsbaai en omliggende gebiede. Volgens hom was die oorsaak daarvan dat die inwoners van die gebied verarm is deur voortdurende oorloë met naburige volke, waardeur hulle veestapels gedood en graanoeste verbrand is.[71]

Nogtans het die handelsvaarte na Madagaskar oor die algemeen 'n goeie opbrengs opgelewer. Dit het hoofsaaklik bestaan uit graan, rys, grondboontjies, bone, ertjies en patats.[72] Ander produkte wat aangekoop is, was vrugte, soos lemoene en piesangs, en ook vee en pluimvee.[73] Jochem Blanck het ook 'n proef gedoen om 'n

---

66. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, II,* 9.11.1678, p. 267.
67. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, III,* 1.03.1681 en 5.10.1685, pp. 11 en 115.
68. *Ibid.*, 30.09.1687, p. 172.
69. A. J. BÖESEKEN (red.), *Memoriën en instructiën, 1657-1699,* Memorie van Frisius, 11.03.1661, p. 26.
70. *Ibid.*, Memorie van Van Riebeeck aan sy opvolger, 5.05.1662, p. 30.
71. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* 8.12.1663, p. 309.
72. A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666,* dagregister, 5.12.1663, p. 110; goew. en raad, Kaap - Here XVII, 15.04.1664, p. 325; WKPA. C2244 Skeeps- en ander joernale: Skeepsjoernaal van *Voorhout*, 8.07.1677, 14.07.1677, 18.07.1677 en 20.07.1677, pp. 47, 56, 59 en 61.
73. WKPA. C2244 Skeeps- en ander joernale: Skeepsjoernaal van *Voorhout*, 18.07.1677, 20.07.1677, 21.07.1677, 9.08.1677 en 16.08.1677, pp. 59, 61, 63, 74 en 87.

bees te koop en die vleis in te sout "'t welck wij seer schoon wel vet doorwassen en uijtnemende goet van smaeck bevonden hebben".[74] Die ekspedisie wat in 1677 met *Voorhout* Madagaskar besoek het, het ook 'n klein hoeveelheid goud en silwer armringe daar gekoop.[75]

Die Kaapse regering het by meer as een geleentheid pogings aangewend om 'n handelspos op Madagaskar te stig, maar dit het telkens misluk. Toe Here XVII in 1663 opdrag gegee het dat handelsvaarte daarheen hervat moes word, het hulle ook aanbeveel dat van die opperhoofde van St. Augustinsbaai die vergunning verkry moes word om 'n permanente pos daar op te rig

> op dat in tijt en wijle conden vernemen wat eijgentlijck aldaer ten meesten dienst der Generale Compe. souden mogen te verrichten wesen.[76]

Die Kaapse Politieke Raad het daarop besluit om 'n ekspedisie met die *Waterhoen* daarheen te stuur. Jochem Blanck was in bevel van die ekspedisie en hy en nog tien man sou die beoogde pos daar beman.[77] 'n Plan vir die nuwe posgebou is selfs geteken en die baastimmerman is versoek om 'n bestekopname te maak van die hoeveelheid timmerhout wat daarvoor benodig was.[78] Die onderneming was egter 'n volslae mislukking omdat die inwoners van die gebied as gevolg van aanvalle deur naburige volke baie armoedig was en gedurig van een plek na die volgende op vlug was en nie hulle landerye kon bewerk nie. Die gevolg was dat daar geen handelsmoontlikhede was nie en daarom het Blanck besluit om nie die voorgenome pos te stig nie.[79]

Daar was nog twee ander pogings om 'n vastrapplek in St. Augustinsbaai te verkry. In Mei 1666 is 'n ekspedisie onder bevel van garnisoenboekhouer Jacob Granaet met *Hooghcaspel* met voorrade na Mauritius gestuur. Op die tuisvaart sou hulle ook St. Augustinsbaai aandoen om slawe te handel. Indien die handel nie na wens vorder nie, het Granaet opdrag gehad om die ruilmiddels aan die skeepsboekhouer, Thielman Ackema, te oorhandig om met sewe of agt man vir die volgende jaar daar te bly om handel te dryf.[80] Toe *Baren* in 1686 'n vaart na Mauritius, Madagaskar en Delagoabaai onderneem het, het die bevelvoerder weer eens opdrag ontvang om met die opperhoof van St. Augustinsbaai te onderhandel vir 'n vergunning om twee of drie Kompanjiesamptenare daar te laat bly om die

74. A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666* goew. en raad, Kaap - Here XVII, 15.04.1665, p. 327.
75. WKPA. C2244 Skeeps- en ander joernale: Skeepsjoernaal van *Voorhout*, 15.07.1677, 16.07.1677 en 19.07.1677, pp. 57, 58 en 60.
76. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* 30.04.1663, p. 301.
77. *Ibid.*, p. 301; A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666,* dagregister, 28.05.1663, p. 75.
78. *Ibid.,* dagregister, 1.05.1663, p. 71.
79. *Ibid.*, goew. en raad, Kaap - Here XVII, 15.04.1664, p. 326.
80. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* 20.05.1666, p. 349.

slawehandel te bevorder.[81] Dit wil egter voorkom of albei hierdie ondernemings ook tot mislukking gedoem was, want in die beskikbare bronne kon geen verdere inligting daaroor opgespoor word nie.

Die Kaapse regering het hulle bes probeer om goeie verhoudinge met die inheemse bevolking van Madagaskar te behou om daarmee geen onnodige hindernisse in die weg van die handelsbetrekkinge te lê nie. Die geselskap wat in 1663 ‘n vaart met *Waterhoen* daarheen onderneem het, het by hulle terugkoms aan die Kaap berig dat die inwoners van St. Augustinsbaai hulle baie vriendelik ontvang en behandel het.[82] Die bevelvoerders het gewoonlik opdrag gehad om streng dissipline te handhaaf en toe te sien dat hulle onderhoriges

> niet los te landewaart in, na dranck en vrouwluijden loopen, waar uijt dan veel onheijl soude kunnen komen t’ ontstaan, en onse natie in verachtingh geraacken,

maar om nogtans altyd gereed te wees om moontlike aanvalle op hulle af te weer.[83] Die plaaslike bevolking is dikwels rojaal onthaal om daardeur hulle meer geneë tot die handel te stem. Toe die geselskap van die *Voorhout* wat in 1677 St. Augustinsbaai besoek het, uitgevind het dat die inwoners baie van sterk drank en tabak hou, het hulle hul aan boord ‘tot sat toe onthaelt’.[84]

Deur goeie verhoudings met die plaaslike bevolking te onderhou, het die Kompanjie gehoop dat hulle daardeur hulle Europese handelskonkurente in onguns sou bring. Die bevelvoerders van *Voorhout* het byvoorbeeld instruksies gehad om aan die opperhoof van Magelage bekend te maak dat die Nederlanders op goeie voet met die imam van Masquet verkeer, omdat geoordeel is dat dit die handel sou bevorder aangesien die opperhoof ook die Islam aangehang het. Terselfdertyd moes hulle hom ook daarvan verseker dat hulle beter handelsvennote as enige ander nasie was en elke geleentheid benut om die Franse, Engelse en Portugese by hom verdag te maak.[85] Toe dit in 1677 bekend geword het dat die inwoners van St. Augustinsbaai in vyandskap met die Franse lewe, is besluit om hulle in te lig dat Nederland ook in ‘n staat van oorlog met Frankryk verkeer, maar dat die Engelse daarenteen vrienskapsbande met die Franse onderhou. In teenstelling daarmee is die Kaap hulle buurland, slaag hulle beter as enige van hulle mededingers daarin

81. WKPA. C2340 Memories en instruksies: Instruksie vir die skipper van *Baren*, 20.07.1686, pp. 43-7.

82. A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666,* goew. en raad, Kaap - Here XVII, 15.04.1664, p. 327.

83. WKPA. C2337 Memories en instruksies: Instruksie vir die opperhoofde van *Voorhout*, ongedateer, p. 71.

84. WKPA. C2244 Skeeps- en ander joernale: Skeepsjoernaal van *Voorhout*, 20.06.1677, p. 12.

85. WKPA. C2237 Memories en instruksies: Instruksie vir *Voorhout*, ongedateer, p. 69.

om hulle beloftes na te kom en dat die inwoners van Madagaskar beter handel met die Kaap kan bedryf as met enige ander Europese nasie.[86]

Net soos die geval was met Mauritius, was die Kaap se betrokkenheid by Madagaskar ook beperk tot handelsbande. Alhoewel pogings aangewend is om ‘n handelspos daar op te rig, was dit egter nie suksesvol nie. Die Kompanjie se verhouding met die inwoners van die eiland was grootliks daarop toegespits om hulle belangrikste Europese mededingers in die Madagaskiese handel uit te skakel.

## Die kleiner eilande

Die Kaapse regering het ook probeer om betrekkinge met enkele van die kleiner eilande in die westelike Indiese Oseaan op te bou, maar dit het nie in een van die gevalle veel vrug opgelewer nie. Die eerste poging in dié verband is in 1671 aangewend toe die *Santlooper* na die Comore, ‘n eilandgroep in die Mosambiekkanaal noordwes van Madagaskar en wat in die bronne ook as die Majotte-eilande bekend staan, gestuur is om slawe te ruil.[87] Die uitslag van die vaart was egter teleurstellend, want daar is bevind dat hoewel daar vrugte groei, die eilande se rotsagtige kuste landings moeilik gemaak het. Daarbenewens was slawe nie daar bekombaar nie en het die inwoners net genoeg rys vir eie gebruik verbou.[88] Toe Here XVII in Mei 1672 besluit het om Hubert Hugo as outonome opperhoof na Mauritius te stuur, was hulle nog nie bewus van hierdie negatiewe verslag nie en daarom het hulle weer eens die slawehandel op die Comore aan hom opgedra. Dit was op daardie tydstip noodsaaklik dat soveel slawe as moontlik aan die Kaap voorsien moes word, omdat die bouwerk aan die Kasteel op volle gang was en baie arbeiders vereis het.[89] Here XVII het selfs ‘n skip deur die Kamer Amsterdam laat bou om vir hierdie slawehandel aangewend te word.[90] Aan Hugo is ook die taak opgedra om ander handelsmoontlikhede op die eilandgroep te ondersoek en veral om die waarheid vas te stel van berigte dat ambergrys, ivoor en goud daar te bekom was. Hy het ook volmag gehad om met die goedkeuring van die plaaslike regeerders ‘n permanente handelspos daar op te rig.[91] Daar is geen

86. WKPA. C2338 Memories en instruksies: Instruksie vir *Voorhout* en *Quartel*, ongedateer, pp. 3-4; C2244 Skeeps- en ander joernale: Skeepsjoernaal van *Voorhout*, 21.06.1677, p. 25.
87. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, II,* 15.06.1671, p. 66.
88. WKPA. C293 Inkomende briewe: Goew.-gen. en raad, Batavia - goew. en raad, Kaap, 18.12.1671, pp. 12-3.
89. WKPA. C291 Inkomende briewe: Here XVII - goew. en raad, Kaap, 15.05.1671, pp. 98-9; C292 Inkomende briewe: Verdere instruksie van Here XVII aan Hugo, 18.08.1671, p. 38.
90. WKPA. C292 Inkomende briewe: Here XVII - goew. en raad, Kaap, 23.05.1671, p. 31
91. *Ibid.*, Instruksies van Here XVII aan Hugo, 18.08.1671, pp. 38 en 41.

bewys dat Hugo tydens sy dienstyd op Mauritius ooit uitvoering aan hierdie opdrag gegee het nie.

Daar het net twee ander gevalle voorgekom waar handelsmoontlikhede op die kleiner eilande ondersoek is. In hulle instruksies aan Hubert Hugo het Here XVII dit aan hom opgedra om vas te stel of die handel in slawe met St. Maria, ‘n eilandjie naby die kus van Madagaskar en ongeveer 100 myl wes van Mauritius, moontlik was.[92] Aangesien alle skepe op die vaart tussen die Kaap en Mauritius verby Rodrigues, ‘n eiland noordoos van Mauritius, moes vaar, het die Kaapse Politieke Raad in 1686 besluit dat *Baren* tydens sy vaart na Mauritus Rodrigues moes aandoen om te sien of dáár enige handelsvoordele vir die Kompanjie was.[93] Geeneen van hierdie twee ondernemings het egter enige verdere gevolge gehad nie. Die eiland Bourbon (aanvanklik bekend as Mascarenas en die huidige Rèunion) was in die tweede helfte van die sewentiende eeu reeds deur die Franse beset en daar is geen aanduidings dat die VOC enige planne gehad het om daar in te meng nie. Nogtans is dit interessant dat ‘n inwoner van die eiland tydens ‘n besoek aan die Kaap in 1691 op versoek van goewerneur Simon van der Stel ‘n uitvoerige verslag oor die Franse besettingspos aldaar, die gesteldheid van die eiland en die landbouprodukte wat dit opgelewer het, opgestel het.[94]

Die enigste ander opgetekende verbintenis wat die Kaap met die kleiner eilande gehad het, was toe die *Lantsmeer* in September 1663 beveel is om onderweg na Batavia sommige van die eilande aan te doen om te soek na die moontlike oorlewendes van die gestrande skip *Arnhem*. *Lantsmeer* het die Comore, Bourbon en Appolonia, ‘n klein eilandjie tussen Madagaskar en Bourbon, aangedoen maar geen oorlewendes opgespoor nie.[95]

## Die ooskus van Afrika

Dit is te begrype dat die VOC ná die stigting van die verversingspos aan die Kaap ‘n lewende belangstelling in die gebiede langs die ooskus van Afrika gehad het. Die Kompanjie het voortdurend alle moontlikhede ontgin om nuwe handelsbande aan te knoop en daarom is dit vanselfsprekend dat pogings aangewend sou word om nouer kontak met die inwoners van dié gebiede te probeer bewerkstellig. Hierdie belangstelling is verder aangewakker deur die legendes en mites van fabelagtige rykdomme wat in die binneland van die Afrikaanse ooskus te vinde sou

92. WKPA. C292 Inkomende briewe: Instruksie van Here XVII aan Hugo, 18.08.1671, p. 48.

93. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, III,* 7.07.1686, p. 139.

94. WKPA. C2340 Memories en instruksies: Verslag van Athanas Garel, 30.10.1691, pp. 98-102.

95. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* 1.09.1663, pp. 306-7; A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666,* dagregister, 6.02.1664 en 15.11.1664, pp. 128-9 en 173; goew. en raad, Kaap - Here XVII, 15.04.1664, pp. 331-2.

wees. In Mei 1653, net 'n jaar na die stigting van die Kaapse pos, het Jan van Riebeeck reeds aan Here XVII voorgestel dat 'n handelstog na die ooskus gestuur word om goud te gaan ruil. Volgens hom het hy uit verskeie bronne verneem dat dít die Bybelse Ofir was waar Salomo sy goud laat haal het. Dit was ook bekend as die ryk van Monomotapa, waar die Portugese hulle goud aangekoop het.[96]

Gedurende die sewentiende eeu was daar veral drie plekke op die ooskus van Afrika waarin die Kaapse owerhede 'n besondere belangstelling geopenbaar het. Dit was Mosambiekeiland en Rio de la Goa (die huidige Delagoabaai), wat albei in die teenswoordige Mosambiek geleë is, en Terra de Natal, in die huidige provinsie KwaZulu-Natal. Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die Kaap se betrokkenheid by elkeen van hierdie gebiede.

## Mosambiek

Die Portugese vlote op die handelsroete tussen Portugal en Indië het behoefte gehad aan 'n vesting op die ooskus van Afrika waar hulle vir herstelwerk en verversing kon aandoen. Daarom het die Portugese in 1507 op die eiland Mosambiek, ongeveer 170 kilometer noord van Delagoabaai, 'n fort opgerig en 'n permanente besettingsmag daar gevestig. Daarvandaan het hulle die kus en binneland van Oos-Afrika verken en van die inheemse bevolking slawe, goud en ivoor gekoop.[97]

Die feit dat Mosambiekeiland met die stigting van die VOC se pos aan die Kaap in 1652 dus reeds vir 145 jaar 'n Portugese besitting was en die grootste gedeelte van die kuslyn van die huidige Mosambiek binne hulle invloedsfeer geval het, het egter nie die Kaapse bewindhebbers afgeskrik nie. In 1653 het 'n Duitse Jesuïetepriester, Martinus Martini, 'n tyd lank aan die Kaap vertoef en vertel dat daar aan die ooskus goeie baaie, riviere en inhamme was waar handel in goud, ambergrys, ivoor, ebbehout en slawe met die inwoners gedryf kon word. Volgens hom was dit moontlik dat die vors van Monomotapa 'n vaste handelsooreenkoms met die Nederlanders sou sluit, veral as die Kompanjie sou beloof om hom te steun teen die opstandelinge by Sofala, wat sy gesag verwerp het ten gunste van dié van die Portugese. Hy was van mening dat dit selfs moontlik sou wees om "oock wel de Portughesen metter tijt van daer te helpen, ofte uijt 't nest te jaegen".[98] Op grond van Martini se inligting het die Politieke Raad in Junie 1654 besluit om die *Tulp* so spoedig moontlik uit te rus om 'n verkenningsvaart langs die ooskus te onderneem, voordat dit na Madagaskar gaan om rys te koop. Die ekspedisie is onder bevel van

96. D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 682; vgl. ook A. J. BÖESEKEN in oorleg met F. A. STEYTLER, DR. P. S. DU TOIT, J. A. SMUTS en L. W. HIEMSTRA, *Geskiedenis-Atlas van Suid-Afrika,* kaart 30.

97. D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 682.

98. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* 18.06.1654, p. 37-8.

die sekunde, Frederick Verburgh, geplaas en Caspar van Weede is saamgestuur om die kuslyn te karteer.[99]

Dit was die begin van 'n tydperk waarin die VOC pogings aangewend het om die Portugese militêr die stryd aan te sê en van die kus van Oos-Afrika te verdryf. Here XVII het in 1662 'n vloot van agt skepe onder admiraal Hubert de Lairesse gestuur om die Portugese besittings op die ooskus van Afrika en in Indië aan te val. Nadat die vloot Tafelbaai in September 1662 verlaat het, is dit egter vir agt weke deur teëwinde in die Mosambiekkanaal vertraag en skeurbuik en ooskuskoors het 'n geweldige tol onder die bemanning geëis. De Lairesse het daarop sy militêre oogmerk laat vaar en na Batavia gevaar, met die gevolg dat die doel met die onderneming nie bereik is nie.[100]

Die mislukking van De Lairesse se ekspedisie het die Kompanjie se pogings om hulle deur militêre mag in die Oos-Afrikaanse handel te laat geld, beëindig. Vir die res van die sewentiende eeu het hulle gepoog om as mededingers van die Portugese in die gebied op te tree. Verder het hulle op allerlei subtiele maniere probeer om die Portugese se handel met die inheemse bevolking te benadeel. In 1668 het die Politieke Raad aan die Kaap die galjoot *Voerman* op 'n verkenningsvaart langs die ooskus uitgestuur om die handelsmoontlikhede te ondersoek.[101] Here XVII het hulle tevredenheid met dié onderneming betuig en opdrag gegee dat dit opgevolg moes word. Daarom het die Kaapse owerhede in Junie 1670 die *Grundel* uitgerus vir 'n vaart tot by Mosambiek om te ondersoek in te stel

> off wel op dese oostcust beter avantagie van slavenhandel, ofte eenige andere negotie, tot dienst ende profijte van d' E. Compe. soude mogen offereren.[102]

Toe die skip op 13 September 1670 in Tafelbaai teruggekeer het, het hulle die onaangename nuus gebring dat die tog 'n mislukking was. Korporaal Daniel Balck en sestien soldate wat by Os Medos de Oura saam met hom aan land gegaan het, het almal spoorloos verdwyn.[103]

Here XVII het hulle misnoeë uitgespreek met die ongunstige afloop van die *Grundel* se vaart en ook oor die verlies van die sewentien manskappe, maar het nogtans gelas dat die ondersoek hervat moes word. Om aan dié opdrag uitvoering te gee, het die Politieke Raad in Junie 1672 die *Vliegende Swaen* uitgerus vir nog 'n vaart na die ooskus. Die geselskap se opdrag was om, indien omstandighede dit

---

99. *Ibid.*, p. 38.

100. A. J. BÖESEKEN (red.), *Dagregister en briewe van Zacharias Wagenaer, 1662-1666,* dagregister, 19.01.1663, pp. 44-5; D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 682.

101. D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 682.

102. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, II,* 12.06.1670, pp. 42-3.

103. *Ibid.*, 3.06.1672, p. 90; D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 682.

toegelaat het, tot by Sofala te vaar om handelsmoontlikhede te ondersoek en ook te probeer om Balck en sy manskappe op te spoor.[104] Vyf jaar later het die skipper van die *Cabeljauw* opdrag gekry om na sy besoek aan Mauritius en Madagaskar na Mosambiek te vaar om weer eens die handelsmoontlikhede dáár en in die omgewing van Sofala te ondersoek. Voordat daaraan uitvoering gegee kon word, is die skip egter gestuur om Hubert Hugo van Mauritius na Batavia te neem.[105] In dieselfde jaar het die *Voorhout*, na 'n besoek aan Madagaskar, egter ook Mosambiek aangedoen.[106] Aan hulle is die taak opgedra om ondersoek in te stel na die gesteldheid van die kuslyn vanaf Mosambiek suidwaarts verby Sofala en Kaap Corrientes tot by die rivier Os Medos de Ouro, om uit te vind watter volke die gebied bewoon en watter stede en forte daar aangetref word. Verder moes hulle veral vasstel watter handelsmoontlikhede daar bestaan het, omdat dit bekend was dat die Portugese daar goud, ivoor, ambergrys en was geruil het vir snuisterye van geringe waarde.[107]

Uit die besoek van die *Voorhout* blyk duidelik hoedanig die Kompanjie se verhouding met sowel die plaaslike bevolking as die Portugese was. Die instruksies vir die reis het onder meer bepaal dat met die opperhoofde, en veral met diegene wat nie binne die Portugese invloedsfeer geval het nie, handelsooreenkomste tot voordeel van die Kompanjie gesluit moes word. Hulle is egter ook gewaarsku om die inwoners nie sonder meer te vertrou nie, omdat hulle na bewering skelm en wreedaardig was. Daarom moes hulle altyd gewapen en op hulle hoede wees.[108] Op plekke waar die Portugese nie nedersettings gehad het nie, moes hoog opgegee word oor die groot mag van die VOC en die plaaslike inwoners dit op die hart gedruk word dat die Nederlanders die Portugese se besittings in onder meer Ceylon, Malakka en Cochin van hulle verower het. Hulle moes ook daarop gewys word dat die Nederlanders beter pryse betaal het vir goedere wat hulle gekoop het, en daarom was dit voordeliger om met hulle handel te dryf.[109]

Hierdie verdagmakery van die Portugese by die inheemse bevolking is egter sorgvuldig vir eersgenoemdes verbloem. Inteendeel, daar is voorgeskryf dat wanneer 'n Portugese vesting besoek word, hulle as vriende behandel moes word, "roemende seer onser beijder natien goede harmonie".[110] Terselfdertyd moes die

---

104. *Ibid.*, 3.06.1672, pp. 90-1.
105. *Ibid.*, 12.04.1677 en 14.07.1677, pp. 181 en 193.
106. WKPA. C2244 Skeeps- en ander joernale: Skeepsjoernaal van *Voorhout*, 7.09.1677-29.09.1677, pp. 104-6.
107. WKPA. C2338 Memories en instruksies: Verdere instruksie vir *Voorhout*, Mei 1677, pp. 14-5.
108. *Ibid.*, pp. 14-5.
109. *Ibid.*, pp. 16-7.
110. *Ibid.*, pp. 16-7.

Portugese onder geen omstandighede ingelig word dat die ware doel van die vaart was om die kuslyn te verken en handelsmootlikhede te ontgin nie, omdat gevrees is dat die onderneming sou skipbreuk ly indien hulle van die ware oogmerk daarmee bewus geword het.[111]

Dat hierdie dubbelhartige optrede teenoor die Portugese, soos voorgeskryf in die instruksies, letterlik uitgevoer is, word geïllustreer deur die skeepsjoernaal van *Voorhout*. Toe die skip op 7 September 1677 in Mosambiek anker gewerp het, het dit dadelik die Portugese fort met ‘n kanonsaluut van vyf skote gegroet, vanwaar die saluut met drie skote beantwoord is. Die goewerneur het dadelik laat navraag doen waarvandaan hulle gekom het, waarop twee boekhouers na die fort gestuur is om hom in te lig dat die skip op Madagaskar slawe gekoop het en na die Kaap onderweg was. Hulle het ook versoek om teen betaling water en brandhout in te skeep, wat aan hulle toegestaan is.[112] Die volgende dag het die leier van die ekspedisie en die skipper ook die goewerneur besoek om hom te bedank vir die water en brandhout en hom te versoek om proviand vir hulle siekes te mag aankoop. Op dié versoek het hy egter ‘met een Portugeeze soeticheijt’ geantwoord dat Mosambiek nie eens genoeg voedsel vir eie gebruik geproduseer het nie en dat hy hulle dus nie kon help nie. Terselfdertyd het hy hulle belet om enige goedere aan private persone te verkoop, maar slegs aan hom, omdat hy self ‘n koopman was wat hulle handelsware vir goud en ivoor van hulle sou koop. ‘n Geskenk van een aam Spaanse wyn en ‘n Hollandse kaas is daarop aan hom oorhandig.[113]

Dit wil egter voorkom of die Portugese hulle nie om die bos laat lei het nie en die Nederlanders gewantrou het. Laasgenoemde het kort na hulle aankoms in Mosambiek die sogenaamde Engelse piloot, wat later geïdentifiseer word as ene Anthony Dafton, besoek omdat hy vanweë sy uitstekende kennis van die Oos-Afrikaanse kus aan hulle waardevolle inligting sou kon gee. Tydens ‘n tweede besoek het hy hulle egter meegedeel dat die Portugese goewerneur hom gewaarsku het om hulle nie te vertrou nie, omdat hulle ‘spions en kijck in de potten’ was.[114] By ‘n ander inwoner, ‘n sekere Joan de Dies, het hulle ook ‘n bloutjie geloop omdat hulle vermoed het dat die inligting wat hy aan hulle gegee het nie betroubaar was nie en hy dit net aan hulle oorgedra het ‘om ons de tonge te schrapen’.[115] By nog ‘n ander geleentheid het hulle ‘n Nederlander in die dorp ontmoet, met wie hulle Nederlands gepraat het, maar toe hulle hom later weer raakgeloop het kon hulle geen woord Nederlands uit hom kry nie.[116] Daarbenewens

---

111. *Ibid.*, pp. 14-5.

112. WKPA. C2244 Skeeps- en ander joernale: Skeepsjoernaal van *Voorhout*, 7.09.1677, p. 104.

113. *Ibid.*, 8.09.1677 en 9.09.1677, pp. 105 en 106.

114. *Ibid.*, 8.09.1677 en 20.09.1677, pp. 105 en 111-2.

115. *Ibid.*, 16.09.1677, p. 109.

116. *Ibid.*, 21.09.1677, p. 112.

het die goewerneur ook 'n verbod geplaas op besoeke aan hulle skip deur enigiemand wat nie sy toestemming daartoe gehad het nie.[117]

Nogtans het hulle tydens hulle verblyf in Mosambiek van 7 tot 30 September 1677 daarin geslaag om suksesvol handel te dryf. Hulle het ivoor, was, krale, peper, ysterpotte, naeltjies, kaneel en muskaatneute gekoop vir 'n totale koopprys van 125½ riksdaalders. Hulle kon met groot genoegdoening berig dat hulle tydens hulle verblyf daar 13 riksdaalders meer verdien het aan goedere wat hulle verkoop het as wat hulle uitgegee het vir handelsware wat aangekoop is.[118] Met hulle terugkoms aan die Kaap het hulle 'n volledige verslag oor Mosambiek aan die Politieke Raad oorhandig. Daarin is uitvoerig verslag gedoen oor die eiland, die fort wat die Portugese daar gebou het en die kanonne wat dit beveilig het, asook die aantal weerbare manne wat daar teenwoordig was.[119] Dit laat die vraag ontstaan of die Nederlanders nog steeds 'n militêre oogmerk op die ooskus van Afrika nagestreef het en dalk nog nie heeltemal die plan laat vaar het om die Portugese 'uit die nes te jaag' nie.

## Delagoabaai

Delagoabaai is die wye mond van 'n strandmeer op die hoogte van ongeveer 25° 30' SB, waar vier riviere in die see vloei. Maputo, die hoofstad van die huidige staat Mosambiek, is aan die baai geleë. Die Europeërs se eerste kennismaking met die baai was in 1502 toe Antonio do Campo, een van die skippers in Vasco da Gama se vloot tydens laasgenoemde se tweede reis na Indië, die baai besoek het en dit Bahia de Lagoa genoem het. Tydens die sestiende eeu was die baai binne die Portugese invloedsfeer geleë en gedurende die eerste helfte van die eeu het skipper Lourenco Marques daar met die inboorlinge handel gedryf en die baai sy naam gegee.[120] Die Nederlanders het egter gewoonlik daarna verwys as *Rio de la Goa* of *Bhaij en Rivier de la Goa*.[121]

Namate dit duidelik geword het dat die VOC nie die Portugese handelsmonopolie op die kus in die omgewing van Mosambiekeiland sou verbreek nie, het die Kaapse regering hulle oë suidwaarts gewend en Delagoabaai ernstig begin oorweeg as 'n moontlike handelsgebied. Tydens *Voorhout* se besoek aan Mosambiek in 1677 het Joan de Dies, na wie reeds vroeër verwys is, onder andere

---

117. *Ibid.*, 21.09.1677, p. 112.
118. *Ibid.*, 29.09.1677, p. 116.
119. WKPA. C2245 Skeeps- en ander joernale: Kort verslag oor die eiland Mosambiek, ongedateer, pp. 85-6.
120. D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, pp. 679 en 682.
121. Vgl. byvoorbeeld A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, III*, 7.07.1686 en 12.10.1688, p. 139 en 195; WKPA C2340 Memories en instruksies: Instruksie vir *Baren*, 20.07.1686, p. 45.

aan die bevelvoerders van die ekspedisie vertel van 'n baai "bij haer genaemt Laurenzo Marco", waar 'n Portugese skipper vir weinig koper en kledingstowwe 'n groot hoeveelheid ivoor, goud en ambergrys geruil het.[122]

Gedurende die tweede helfte van die jare tagtig van die sewentiende eeu het goewerneur Simon van der Stel en die Politieke Raad aan die Kaap hulle pogings begin verskerp om meer kennis oor Delagoabaai op te doen. In Julie 1686 het hulle besluit dat *Baren* op sy terugvaart van Mauritius en Madagaskar af na Delagoabaai moes vaar om die omgewing te verken.[123] Die bemanning se opdrag was om die baai en die eiland wat voor dit geleë was, behoorlik te ondersoek en te peil. Verder moes hulle hulself vergewis van die waarheid van berigte deur Engelse skippers dat daar in die hinterland van die baai volop goud, ambergrys, gom, beeste en buffels te ruil was. Hulle moes ook vasstel of daar hout vir skeeps- en huisbou bekom kon word en watter landbougewasse die gebied opgelewer het. Laastens moes hulle soveel moontlik seekoeie, wat na bewering volop in die riviere voorkom, skiet en die spek in vate insout. Omdat die inheemse bevolking volgens berigte troueloos en boosaardig was, is hulle gewaarsku om op hulle hoede te wees om nie oorval te word nie.[124]

Nadat 'n afvaardiging van 'n Khoistam, die Inkwahas, in Desember 1688 die Kaap besoek het met 'n versoek van hulle opperhoof dat hulle 'n vriendskapsverbond met die VOC wou sluit en wedersydse handel bevorder, het die Politieke Raad besluit om 'n geselskap onder bevel van vaandrig Isak Schrijver op 'n landtog na die Inkwahas te stuur. Afgesien van die onderhandelings met die Inkwaha-opperhoof, moes hulle ook soek na oorlewendes van die gestrande *Stavenisse*. Daarbenewens het die raad ook die ambisieuse plan bedink dat die toggangers

> dat gantse gewest tot an Rio de la Goa wijd en sijd t' ontdekken, en alle voordeelen die hun waarschijnlijk staan op te doen d' E.Comp. en dese Colonie toe te voegen.[125]

Schrijver en sy geselskap, wat 'n aantal Khoikhoi ingesluit het, het op 4 Januarie 1689 vertrek en was op 6 April terug by die Kasteel met meer as 1 000 beeste wat hulle geruil het. Die verhewe oogmerk met Delagoabaai is egter nie bereik nie, want hulle het net die omgewing van die huidige Aberdeen in die Oos-Kaap bereik.[126]

---

122. WKPA. C2244 Skeeps- en ander joernale: Skeepsjoernaal van *Voorhout*, 16.09.1677, pp. 108-9.
123. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, III,* 7.07.1686, pp. 139-40.
124. WKPA. C2340 Memories en instruksies: Instruksie vir *Baren*, 20.07.1686, pp. 45-7.
125. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, III,* 24.12.1688, pp. 198-9.
126. C. J. BEYERS (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, IV*, (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1981), pp. 576-7.

In Oktober 1688 het die Politieke Raad besluit om weer ‘n verkenningsvaart met die galjoot *Noord* na Delagoabaai te onderneem. Afgesien van die skeepsbemanning het sersant Louis de Berault en sewe soldate ook die vaart meegemaak.[127] Die instruksies wat aan die skipper gegee is, het in hoofsaak ooreengestem met dié wat in 1686 aan *Baren* gegee is. Afgesien van die gebruiklike ondersoek na die gesteldheid van die baai en handelsmoontlikhede, moes hy ook vasstel of enige minerale in die gebied voorgekom het en voorbeelde daarvan terugbring Kaap toe. Vir dié doel het ‘n mynwerker die geselskap vergesel. Verder moes ‘n studie gemaak word van die inheemse bevolking se godsdiens, regeringsvorms, verbonde met ander groepe, wapens, bevolkingsgetalle, sedes, voedsel en drank. Daarby moes hulle probeer vasstel watter Europese nasies met die inwoners handel gedryf het en, indien wel, of hulle enige permanente poste daar opgerig het. Die skipper het egter opdrag gehad om indien hy Portugese of ander Europese skepe daar aantref, beleef teenoor hulle op te tree en hulle geen aanstoot te gee nie. ‘n Interessante toevoeging tot die instruksies was die opdrag om vas te stel of daar in die baai ‘n geskikte plek was om ‘n fort op te rig en of voldoende boumateriaal daarvoor in die omgewing beskikbaar was.[128]

Die *Noord* het op 19 Oktober 1688 uit Tafelbaai vertrek en het van 15 November tot 30 Desember 1688 in Delagoabaai vertoef.[129] Met hulle terugkeer na die Kaap op 5 Februarie 1688, kon hulle aan Simon van der Stel berig dat Delagoabaai ‘n veilige baai was waar ‘n groot aantal skepe kon anker. Die inheemse bevolking was groot en sterk, maar ook listig. Die land was plat, maar besonder vrugbaar en verskeie soorte graan, vrugte en groente is daar verbou. Beeste en skape was nie volop nie, maar bokke en hoenders, asook verskeie wildsoorte en vis, wel. ‘n Geskikte plek om ‘n fort te bou is gevind en verskeie groot riviere met vars en soutwater het in die baai uitgemond.[130]

Van der Stel was ‘n belangrike pleitbesorger vir Delagoabaai se saak. Hy het byvoorbeeld Here XVII in kennis gestel van gerugte dat aan die voet van sommige berge in die omgewing van die Zambezirivier goud vlak onder die grond uitgehaal word. Verder het hy die bewindhebbers daarop gewys dat Delagoabaai ‘n bate was, omdat dit as skuilplek kon dien vir skepe wat stormweer teëkom. Daarom het hy aanbeveel dat ‘n pos daar gestig word. Here XVII het egter nie op Van der Stel se voorstelle gereageer nie, omdat hulle op daardie stadium opgeskeep was met die buitepos Mauritius, wat ‘n finansiële las vir die Kompanjie was. Daarom sou dit nog 30 jaar na die *Noord* se vaart duur voordat die aantrekkingskrag van die

127. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, III,* 12.10.1688, p. 195.

128. WKPA. C2340 Memories en instruksies: Instruksie vir *Noord*, 15.10.1688, pp. 71-83.

129. R. VIGNE (red.), *Guillaume Chenu de Chalezac, the ‘French boy’* (Van Riebeeck-Vereniging, 2de reeks, no. 22, Kaapstad, 1993), voetnoot 1, p. 127.

130. *Ibid.*, p. 123.

fabelagtige goudrykdomme sterk genoeg sou word om Here XVII te oorreed om 'n buitepos in Delagoabaai te stig.[131]

## Terra de Natal

Terra de Natal was die mees algemeen voorkomende naam wat in die sewentiende eeuse Nederlandse dokumente gebruik is vir die baai waaraan Durban in die provinsie KwaZulu-Natal vandag geleë is en wat later ook as Port Natal bekend geraak het. By wyse van uitsondering is soms die benamings *Bhaij of Rio de Natal* of *Bhaij Natal* gebruik.[132]

Dit wil voorkom of Terra de Natal, vanweë die vermeende gevaar wat dit vir skeepvaart ingehou het, aanvanklik nie besonder gewild by die Kompanjie was nie. In 1657 het kommissaris Rijckloff van Goens die oue byvoorbeeld aan die Kaapse goewerneur en raad geskryf: "Hoe dangereus Terra de Natal ende de vaart na Mosambique sij, is UE. mede wel bekent".[133] In hierdie opvatting het daar egter mettertyd 'n verandering ingetree. Elf jaar na Van Goens se besoek aan die Kaap, is die jagskip *Voerman* op 'n vaart langs die ooskus gestuur met die opdrag om alle baaie, riviermondings en inhamme tussen Mosselbaai en Terra de Natal aan te doen en te ondersoek of dit veilige ankerplek aan skepe bied. Verder moes hulle ook vasstel wat die moontlikheid was om handel te dryf met die omliggende bevolking.[134] As gevolg van *Voerman* se vaart het Here XVII hulle goedkeuring aan die verkenning van die ooskus verleen.[135] Kommissaris Rijckloff van Goens die jonge, wat die Kaap in 1682 besoek het, het ook 'n gunstiger oordeel as sy vader oor Terra de Natal gehad. In sy instruksies aan die Kaapse regering het hy die moontlikheid van gebiedsuitbreiding aangeroer, maar volgens hom was die lande ten noorde van die Kaap, soos Angola en die Kongo, egter nie daarvoor geskik nie as gevolg van die warm, droeë klimaat en die dorre, onvrugbare sandgrond. Daarom het hy voorkeur gegee aan die gebied noordoos- en ooswaarts van die Kaap "na de zijde van de bhaij de St. Luzia en Terra de Natal".[136]

Die eerste ernstige poging om Terra de Natal te verken, was in Maart 1687 toe die Politieke Raad besluit het om *Centaurus* met 'n bemanning van vyftien of sestien

---

131. D. SLEIGH, *Die buiteposte. VOC-buiteposte onder Kaapse bestuur, 1652-1795*, p. 683.

132. Vgl. byvoorbeeld A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* 17.08.1668, p. 376; A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, III,* 24.10.1687, p. 174; WKPA. C2340 Memories en instruksies: Instruksie vir *Noord*, 24.10.1688, p. 86.

133. A. J. BÖESEKEN (red.), *Memoriën en instructiën, 1657-1699,* Instruksie van Van Goens, 16.04.1657, p. 6.

134. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, I,* pp. 375-6.

135. WKPA. C290 Inkomende briewe: Here XVII - goew. en raad, Kaap, 24.08.1669, p. 12-4.

136. A. J. BÖESEKEN (red.), *Memoriën en instructiën, 1657-1699,* Instruksie van Van Goens jr., 24.04.1682, p. 159.

daarheen te stuur. Die hoofdoel met die sending was om die oorlewendes van *Stavenisse*, wat op 16 Februarie 1686 aan die suidkus van die huidige KwaZulu-Natal gestrand het, te soek en na die Kaap terug te bring. Omdat berigte oor die vrugbaarheid van die gebied die Kaap gereeld bereik het, het die raad ook besluit dat die ekspedisie sou probeer om handel te dryf met die inwoners.[137] Aan die lede van die ekspedisie is die taak opgedra om: die baai te peil, te karteer, en vas te stel of daar 'n geskikte perseel was om 'n fort op te bou, asook of voldoende boumateriaal beskikbaar was; vrede en vriendskaplike betrekkinge met die inwoners te bevorder; vas te stel watter landbouprodukte verbou word, watter diersoorte daar aangetref word en watter handelsartikels gekoop of geruil kan word; ondersoek in te stel na die voorkoms van minerale; kennis op te doen oor die inheemse bevolking se kultuur; en uit te vind of die inwoners met enige ander Europese nasies handel gedryf het en of laasgenoemdes enige poste daar opgerig het.[138]

Met *Centaurus* se terugkoms op 19 Februarie 1688 het hulle twintig opvarendes van *Stavenisse* saamgebring. Hulle het ook die berigte oor die vrugbaarheid van Terra de Natal bevestig. Dit het die Kaapse regering daarvan oortuig dat dit wenslik was om die gebied beter te verken, veral ten opsigte van die beskikbaarheid van veilige baaie en hawens.[139]

Aan die owerhede se voorneme om meer kennis oor Natal op te doen, is uitvoering gegee toe die *Noord* in 1688 en 1689 twee vaarte daarheen onderneem het. Die instruksies aan die twee geselskappe het grotendeels ooreengestem met dié wat in 1687 aan *Centaurus* oorhandig is.[140] Daarby is egter die opdrag gevoeg dat hulle moes poog om die baai en aangrensende gebied "plegtelijk bij geschrivte en onder behoorlijke acte" vir die Kompanjie te koop.[141] Tydens die eerste vaart het *Noord*, ná 'n besoek aan Delagoabaai, vir langer as twee weke (5-23 Januarie 1689) in die baai van Terra de Natal voor anker gelê, waar weer twee skipbreukelinge van *Stavenisse* aan boord geneem en die baai gepeil is. Daar is egter geen aanduiding dat aandag gegee is aan die koop van die baai nie.[142] Met die tweede besoek, wat van 5 Desember 1689 tot 11 Januarie 1690 geduur het, is daar wel aandag aan hierdie saak gegee. In 'n brief wat Simon van der Stel op 24 Mei 1690 aan Here Sewentien geskryf het, het hy hulle in kennis gestel dat die baai en omliggende gebied namens die VOC van die opperhoof gekoop is vir koper, arm- en nekringe en ander artikels. Bakens met die Kompanjie se wapen daarop is op verskeie

137. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, III,* 6.03.1687, pp. 157-8.

138. WKPA. C2340 Memories en instruksies: Instruksie vir *Centaurus*, 5.11.1687, pp. 58-68.

139. R. VIGNE (red.), *Guillaume Chenu de Chalezac, the 'French boy',* p. 112.

140. WKPA. C2340 Memories en instruksies: Instruksie aan *Noord*, 15.10.1688, pp. 71-83

141. A. J. BÖESEKEN (red.), *Resolusies van die Politieke Raad, III,* 22.10.1689, p. 212; vgl. WKPA. C2340 Memories en instruksies: Instruksie aan *Noord*, 24.10.1688, pp. 84-9.

142. R. VIGNE (red.), *Guillaume Chenu de Chalezac, the 'French boy'*, p. 123.

plekke opgerig om die gebied wat gekoop is aan te dui.[143] Die 'koopkontrak' waardeur hierdie grond bekom is, het egter 'n dooie letter gebly en die VOC het nooit tydens sy bewindstyd aan die Kaap sy besitreg op die betrokke gebied opgeëis nie. Die eerste poging daartoe het eers in 1834 voorgekom toe 192 private individue van Kaapstad hulle daarop beroep het tot steun van hulle skema om 'n nedersetting in Port Natal te begin.[144]

## Samevatting

Dit is duidelik dat die VOC-nedersetting aan die Kaap die Goeie Hoop gedurende die sewentiende eeu aktief pogings aangewend het om betrokke te raak by die lande van die westelike Indiese Oseaan. Hierdie betrokkenheid het hoofsaaklik gegaan om die opbou van nuwe handelsbetrekkinge, wat nie in alle gevalle ewe suksesvol was nie. Met Mauritius en Madagaskar is daar wel suksesvolle handelsbande gesmee, terwyl 'n mate van handel ook met Mosambiekeiland, Delagoabaai en Terra de Natal plaasgevind het. Die handelsware wat van Mauritius verkry is, was hoofsaaklik ebbehout, ambergrys, rys, koring, suiker, vrugte en groente. In die geval van Madagaskar was slawehandel die belangrikste aktiwiteit, hoewel rys en ander landbouprodukte ook op 'n redelike groot skaal verhandel is. Die hoë verwagtings wat van die mineraalhandel met die lande van die ooskus gekoester is, is egter nooit verwesenlik nie.

Mauritius was die enigste land waar die VOC 'n permanente teenwoordigheid gehandhaaf het. Met die uitsondering van ses jaar het die Kompanjie daar 'n pos onderhou wat as 'n buitepos van die Kaap geadministreer is. Dit verklaar ook waarom daar deurlopende kontak was tussen die Kaap en Mauritius. Daar is wel pogings aangewend om vir die Kompanjie 'n vastrapplek in van die ander lande te verkry, maar dit was onsuksesvol. Die beplande handelspos op Madagaskar het nooit 'n werklikheid geword nie en die planne om grondgebied in Delagoabaai en *Terra de Natal* te bekom het op niks uitgeloop.

Die Kompanjie het ook daarna gestreef om vriendskaplike betrekkinge met die inheemse bevolking van al die betrokke lande te handhaaf en daar was geen pogings om hulle grondgebied te verower nie. Die VOC se enigste militêre onderneming in die gebied was gemik teen 'n Europese handelsmededinger op die ooskus van Afrika, te wete die Portugese, en nie teen die inheemse bevolking nie. Hoewel die Nederlanders 'n groot belangstelling gehad het in die volke se kultuur en voortdurend probeer het om meer kennis daaroor op te doen, het hulle egter nooit die Westerse kultuur aan dié mense opgedwing nie. Hulle verhouding met die volke van die westelike Indiese Oseaan was dus beperk tot dié van handelsvennote.

---

143. *Ibid.*, p. 125.

144. *Ibid.,* voetnoot 28, pp. 128-9.

## Abstract

### The Cape of Good Hope and the western Indian Ocean, 1652-1700

The establishment of the Dutch East India Company's replenishment station at the Cape of Good Hoop was not an immediate success and for the greater part of the 17th century it was unable to provide in the needs of the settlement and visiting fleets. Therefore, possibilites of establishing trade and other relations with the east coast of Africa and the islands of the western Indian Ocean were explored. The main aim was to eliminate the English, Portuguese and French as trade rivals in the western Indian Ocean, and to win the indigenous population over as trading partners by representing the opposition as unreliable. This strategy partly succeeded and the Cape established fairly extensive relations with Madagascar, Mauritius and Mozambique. The Company maintained no other relations with the countries of the western Indian Ocean during the 17th century. Other than Mauritius, no trading posts were established anywhere in the region, nor were military actions undertaken against any of the countries in order to subject them. No attempts were made to convert them to Christianity or to promote the Dutch language and culture. The major aim was to become an important trading power in the western Indian Ocean region by eliminating their main European rivals.